

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
2 November 1975

Onderwerp: Eer jou vader en jou moeder

Lees: Romeine 13 verse 1 tot 7

Teks: Exodus 20 vers 12

Sing: Gesang 155 vers 4  
Psalm 25 vers 6

“Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.’ (Ex 20:12)

“Broers en Susters, daar heers oor die hele wêreld ’n gesagskrisis. Oral moet opstande, betogings en smeulende revolusies van tyd tot tyd onderdruk word, soms met geweld.

“Die jeug is in opstand. Dit het ’n mode-woord geword.

“Die dae toe ’n vader se woord wet was en nog gesag ingeboesem het, is verby.

“Hierdie betogings en agitasies is dikwels die verontrustende simptome van ’n dieperliggende kwaad, naamlik die verwerping van alle gesag. Dit is as gevolg van die mens se opstand teen die gesag van God. Dit is ’n uitdrukking van die oersonde by die mens, soos dit daar in die Paradys tot openbaring gekom het.

“Die mens van die twintigste eeu wil God afskud. Baie dink God bestaan nie. Daarom is daar die houding: Ons is klaar met die kerk.

“Kom ons wees eerlik. Die kerk van Jesus Christus word in hierdie eeu meer as ooit bevraagteken. Hoeveel gesag het die Woord van God nog in die moderne mens se lewe? Watter rol speel die kerk nog in die samelewing? Watter houvas het die kerkraad nog op sy lidmate? Watter gesag het die ouderling nog in sy wyk?

“Broers en Susters, waar woed hierdie gesagskrisis op sy hewigste? Waar word hierdie stryd beslis? Dit is in die ouerhuis, die laaste vesting van die samelewing. Die orde en vrede van die samelewing staan of val in die lewe van die huisgesin. Dit gaan in die vyfde gebod om eerbied te betoon teenoor alle gesagsdraers wat God oor my lewe aangestel het. En van hierdie

gesagsfigure is vader en moeder die tweede hand van God, waarmee Hy die lewe van die kind vorm.

“God self staan agter elke gesagsfiguur. Daarom eis Hy eerbied vir vader en moeder. Ouers moet geëer word om Jesus Christus ontwil.

“Die wet van God is nie soos militêre regulasies nie. Nee, die wet van God is gebaseer op liefde. Die wet van God bring ons terug na God toe; en leer ons hoe om met ons naaste te leef.

“Wie hom nie aan die wet van God hou nie, draai sy rug op God en sal hom uiteindelik te pletter loop op die verraderlike rotse van sonde. Dit is wat gebeur met ’n kind of ouer wat sonder gesag groot geword het, altyd sy sin gekry het en nooit gedissiplineer is nie.

“Die belhamel op universiteit, die onrusstoker en die agitator is ’n mens by wie daar êrens iets verkeerd geloop het in sy verhouding met God. Hy is ’n mens wat nie voor God kan buig nie.

“Op die lewenspad is daar vandag vele gevaarlike afdraaipaaie wat die lewe van ons jongmense opeis. Dit sal nie help om méér inrigtings te bou vir ongehude moeders en alkoholiste, as ons niks doen om ons kinders op die veilige lewenspad te plaas nie. En die vyfde gebod is een van God se stoptekens op die afdraaipaaie van die lewe. Broers en Susters, dit is ’n wonderwerk van God dat baie kinders vandag nog vanuit die wrakstukke van gebroke huise, veilig op die geloofstrand uitspoel.

“God het aan elke ouer ’n bepaalde taak en opdrag gegee. Ouers is volgemagtigdes van God, instrumente van God en toesighouers van God. Ouers wat God verwerp, is karikature en bespotlike mensegodjies wat in hulle wanopvatting van gesag, anargie en tirannie bevorder. Broers en Susters, daarom is dit so belangrik dat u en ek in die regte verhouding met God, van Wie alle gesag kom, sal staan.

“Ons moet ook die egtheid van ons gesag toets en weeg. Jesus het dit self in sy tyd gedoen toe Hy gewaarsku het teen Skrifgeleerdes, die gesagsfigure van daardie tyd: ‘Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie.’ (Matt 23:3) Daardeur het Jesus hulle gebrek aan gesag blootgelê, omdat hulle nie uitgeleef het wat hulle verkondig het nie.

“Is dit nie ook die rede vir die gesagskrisis van ons tyd nie? ’n Kind let fyn op en sien gou raak as ’n ouer een ding sê en ’n ander doen. Of as die hoof (vader) en

die hart (moeder) van die huis nie ooreenkom in geloofs- en opvoedingsake nie. Wanneer skyngesag in 'n huis heers, skep dit 'n atmosfeer van onrus en 'n neiging tot opstandigheid.

“Wie nie oor werklike gesag beskik nie, neem sy toevlug tot mag. En mag is iets anders as gesag. Mag het te doen met onbeheerde woede. Só 'n mens voel bedreig en omdat hy bang is dat hy iets van homself sal moet prysgee en bang is dat sy innerlike swakheid ontbloot sal word, neem hy sy toevlug tot geweld.

“Egte gesag het geen lyfwag nodig nie. Iemand met werklike gesag hoef dit nie te demonstreer of af te dwing nie. Dit straal uit so 'n persoon uit. Hy of sy leef uit 'n vaste lewensooruiging en dit verleen aan hulle gesag.

“Is daar situasies waar 'n kind nie kan of selfs mag gehoorsaam wees aan sy ouers nie? Ja, as ouers van kinders vra om te doen wat indruis teen die Woord van God, sy insettinge en verordeninge.

“Eer jou vader en moeder. Dit is 'n gebod met 'n Goddelike belofte: ‘... dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.’ Nie dat hulle wat die vyfde gebod hou, langer sal lewe nie, maar die sulkes het 'n toekoms. Hulle ken vrede.

“Broers en Susters, die gesinslewe verkeer in krisis. God roep ons almal om te werk vir die behoud van ons gesinne. Soos Noag moet ons bou en klaar maak en seker maak dat elke lid van die gesin in die ark van Jesus Christus is. Soos Job moet ons, ons kinders voorgaan in die goeie en hulle die lewe laat geniet, maar hulle met opgesette tye versamel rondom die altaar van God. In Job se huis het 'n altaar gestaan en is daar saam gebid. Netso moet daar in ons huise 'n vaste tyd rondom die Bybel wees.

“Job het ook sy kinders elkeen apart geneem op gesette tye. In die hart van ons kinders is daar soms vrae en behoeftes vir raad en rigting, wat net ouers alleen kan beantwoord. Wees bedag daarop. Dit is hoe gevaarlike afdraaipaaie beveilig word.

“Dit is Jesus wat ons rig op die pad van lig en lewe. Hy moet in ons huise heers. Dit is aan die voet van die kruis waar man en vrou, asook ouers en kinders mekaar ontmoet. As Jesus nie midde in ons gesinsverkeer is nie, kom daar konflik.

“Ons moet ook vir ons gesinne in Jesus Christus 'n veilige ark bou. En dit is in die eerste plek nie die taak van die owerheid of skool nie, maar van die gesin. Dit is die taak van elke vader, moeder en kind.

“As elke gesin dit doen, sal die vyfde gebod ’n keerwal wees teen die bloedgeweld van ons tyd. Daarom is ’n volk wat die vyfde gebod laat vaar, ’n volk sonder hoop vir die toekoms.

“As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.’ (Ps 127:1)

“Amen.”